Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# RELIGIESTUDIES V1
# MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

## AFDELING A

### VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 1.1.1 Bekeerling – ʼn Persoon wat hul godsdienstige geloof of ander geloofsoortuigings verander het, om ʼn lid van ʼn ander godsdiens te word. (2)

1.1.2 Nirvana – ʼn Toestand in Boeddhistiese geloof, van vry wees van lyding of die begeertes vir enigiets, of selfbewustheid. (2)

1.1.3 Hiërargies – Beskryf ʼn struktuur van gesag of belangrikheid, van die minder belangrik tot die mees belangrik. (2)

1.1.4 Pelgrimstog – Om ʼn reis na ʼn heilige plek as ʼn daad van toewyding te onderneem. (2)

1.1.5 Nomadies – Leef soos ʼn swerwer, trek van plek tot plek, bly nie lank op een plek nie en bou geen permanente struktuur nie. (2)

1.2 1.2.1 C – Judaïsme (2)

1.2.2 D – Monoteïsme (2)

1.2.3 A – Ubuntu (2)

1.2.4 B – Karl Marx (2)

1.2.5 C – Animisme (2)

1.3 1.3.1 ONWAAR
1.3.2 WAAR
1.3.3 ONWAAR
1.3.4 ONWAAR
1.3.5 ONWAAR (5 x 2) (10)

1.4 1.4.1
- Die Christene glo dat hulle die oorwinning van Jesus Christus oor die dood verteenwoordig.
- Jesus het vir hul sondes en verlossing gesterf. (4)

1.4.2
- ʼn Meningsverskil oor wie die Profeet Mohammed as opvolger moes opvolg.
- Die meerderheid het saamgestem dat Abu Bakr hulle leier moes wees.
- Die ander was van mening dat Ali, die skoonseun van Profeet Mohammed die leier moet wees.
- Die verdeeldheid het twee groepe veroorsaak, die Sunni en die Shi'ite. (6)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

1.5 1.5.1
- Islam
- Christendom
- Boeddhisme
- Baha'i godsdiens (Enige 2 x 2) (4)

1.5.2
- Hulle verteenwoording die sentrale waarheid van verskillende godsdienste.
- Gee op verskillende maniere uitdrukking aan hulle geloof. (2 x 2) (4)

1.5.3 Dit is 'n klein religieuse groep wat van 'n groter groep weggebreek het, omdat hulle glo die groter groep nie meer die ware religie verkondig nie. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Die Christelike geloof is verander of aangepas om by die Afrika ervaring of begrip van hoe die wêreld werk, aan te pas. (2)

2.1.2
- Sionisme span inderwaarheid die gesuiwerde geestelike energie van die Christendom in om te reageer op hedendaagse Afrika behoeftes en kanaliseer dit deur Afrika-kategorieë van denke en optrede, sonder om dit egter heeltemal van Christelike-kategorieë te stroop.
- Daar is dus ŉ behoud van sekere Afrika-godsdienstige metodes en tegnieke maar dit put uit ŉ nuwe bron van krag – die Heilige Gees eerder as die voorvaderlike geeste. (4)

2.1.3
- Die Sionistiese profeet dring daarop aan dat sy of haar diagnose en behandelings nie doeltreffend sal wees tensy dit op gebed gefokus is nie, en die pasiënt moet selfs meer tyd in gebed binne die kerkgroep as deurlopende behandeling deurbring.
- Die waarsêer gebruik ŉ tegniek genaamd, 'dolosse gooi' (skulpe of klippe of plat stukke hout) om die persoon se toestand vas te stel en medisyne (kruiemedisyne) voor te skryf vir die toestand.
- Die persoon hoef nie te bid om gesond te word nie. (4)

2.2 2.2.1 Missie
- Is afkomstig van die Latynse woord '*mittere*' wat beteken, om te stuur.
- Die woord word met Christus se sending van sy dissipels om die Christelike boodskap te verkondig, geassosieer.
- Sending en sendingwerk word dikwels op ŉ uitgebreide manier gebruik om na alle godsdienste te verwys wat opsetlike pogings aanwend om volgelinge van buite te werf. (2 x 2) (4)

2.2.2 Evangelisme
- Is ŉ vorm van sendingwerk wat veral op gevalle of nie-aktiewe of afvallige lede van hul eie godsdiens, eerder as buitestaanders fokus.
- Dit beteken om ander tot jou godsdiens te bekeer. (2 x 2) (4)

2.2.3 Ekumenisme
- Is ŉ poging om die eenheid in die Christelike kerk te herstel.
- Dit is die byeenkom van verskillende kerke om met mekaar saam te werk. (2 x 2) (4)

2.2.4 Proselietmakery
- In Grieks beteken die woord '*eluthos*' vreemdeling of bekeerling.
- Dit was gebruik om te verwys na iemand wat van een godsdiens na ŉ ander godsdiens bekeer. (4)

2.2.5 Godsdienstige imperialisme

- Wanneer 'n magtige godsdiens na 'n ander streek of land versprei en die hoofgodsdiens van daardie land word.
- Die doel is om mense van hul huidige godsdienste te bekeer. (4)

2.3
- Klanke kan simbole wees.
- Die klank van 'n klok wat vanaf 'n kerktoring kom kommunikeer met Christene dat 'n heilige seremonie of gebeurtenis gaan plaasvind.
- Klokgeluide word ook tydens Hindoe dienste gebruik.
- Boeddhiste gebruik klokke of ghongs op ander maniere om die heilige OM klank voort te bring.
- Klere kan godsdienste simbole wees.
- Reuke kan godsdienstige simbole wees.
- Wierook maak rook wat opstyg as 'n offer aan God, of die Opperwese.
- Dit kan 'n vertrek geheimsinnig laat lyk en voel.
- Gebare en aksies kan godsdienstige simbole wees.
- Die maak van die teken van die kruis in die Christelike geloof.
- Onderwerping van jouself in Islam
- Buig in Boeddhisme.
- Rondom die *arati* in Hindoeïsme loop. (10)

2.4
- Dwelms
- Dobbelary
- Alkohol
- Prostitusie (Enige 2 x 2) (4)

2.5
- Dit bring mense met gemeenskaplike belangstellings en gelowe bymekaar.
- Dit laat hulle toe om hul geskiedenis te vier en te onthou.
- Dit versterk groepsbande ongeag of die ritueel plaasvind in die families, by die huis, by die skool, binne godsdienstige organisasies of nasionaal. (3 x 2) (6)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1
- Rituele sluit in respekvolle/gewyde aksies en spraak in, en word by herhaling op spesifieke voorgeskrewe maniere uitgevoer.
- Rituele is spesiale handelinge wat op spesiale tye en plekke uitgevoer word.
- Dikwels word spesiale klere gedra en daar is ŉ spesifieke reeks aksies en optredes/gedrag. (4)

3.1.2
- Kwenda bedoel dat die vereiste rituele uitgevoer moet word. Met ander woorde, die rituele wat die betrokke groepe of families tradisioneel doen – niks mag uitgelaat word of nie korrek gedoen word nie.
- Dit mag onderhandeling vereis, as die rituele vir beide families nie presies dieselfde is nie. Andersins mag die huwelik misluk.

  *****LET WEL:** Enige relevant feit sal gekrediteer word. (4)

3.1.3
- Leerders kan verwys na die uitruil van ringe in ŉ Westerse huwelikseremonie, of die slag van ŉ dier in Afrika-godsdiens of enige ander ritueel. (8)

3.1.4
- Leerders moet verwys na die manier waarop die belangrikheid van die geleentheid in die ritueel uitgedruk word – dalk meebring deur die woorde of aksies, en die manier waarop – God/die Opperwese/die voorouers tydens die ritueel opgeroep word.

  *****LET WEL:** Enige relevant feit sal gekrediteer word. (4)

3.2
- Deurgangsrites is seremonies/rituele wat die oorgang aandui.
- Dit dui die verandering van een lewenstadium na ŉ ander aan. (4)

3.3
- Geboorterites
- Inisiasie/Puberteitsrites
- Huweliksrites
- Sterfte-rites (Enige 3 x 2) (6)

3.4
- Dialoog begin wanneer mense mekaar ontmoet en met mekaar begin kommunikeer.
- Dialoog is nie beperk tot mense wat aan verskillende godsdienste behoort wat om ŉ tafel sit en die leringe van hul onderskeie gelowe vergelyk nie.
- Dialoog beteken eintlik dat mense wat aan verskillende gelowe behoort, in situasies in die werklike lewe met mekaar praat.
- Dit vind plaas wanneer gewone mense uit verskillende gelowe met mekaar praat, dat verhoudings opgebou word en dat hulle gemeenskaplike menslikheid begin deel.
- Dialoog is dus van uiters belang in situasies van godsdienstige diversiteit.
- Hoe meer mense van verskillende gelowe met mekaar in aanraking kom, hoe meer dialoog sal daar tussen hulle wees.

  * **LET WEL:**: Enige relevante verduideliking sal gekrediteer word. (10)

3.5
- Stap 1: Wanneer daar harmonie tussen geloof, samelewing en die natuurlike omgewing is.
- Stap 2: Wanneer daar verandering in die samelewing of natuurlike omgewing is.
- Stap 3: Wanneer mense begin ongemaklik voel en hulle besef dat hul godsdiens of kulturele praktyke en gelowe nie meer sin maak nie.
- Stap 4: Wanneer verandering in die geloofs- of kulturele-stelsels begin intree.
- Stap 5: Wanneer daar geen nuwe tydperk van harmonie en aanvaarding is nie. (10)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1
- Ramphulpverleniging, insluitende verspreiding van nuwe komberse, nuwe klere en kospakkies.
- Gesondheidsklinieke, voedingskemas, ens.
- Watersuiwering en waterputte.
- Beurse en opvoedkundige ondersteuning.
- Selfhelpskemas vir landboukundiges en entrepreneurs, werkskepping, ens.
- Beradingsdienste, dwelmrehabilitasie, MIV/Vigs-werkswinkels.
- Vaardigheidsontwikkeling. (4)

4.1.2
- Die Sufi-leringe het die werk van die Gift of the Givers geïnspireer.
- Dit gaan daaroor om die geloof te leef, eerder as om net daarvan te weet.
- Dit gaan daaroor om op praktiese maniere met medelye te reageer om mense wat in nood is te help. (4)

4.1.3
- Uit die aantal lande waar Gift of the Givers bedrywig is, is dit duidelik dat hulle pogings na almal in nood uitreik.
- Ongeag ras, klas, godsdiens, kleur, politieke verbintenis of geografiese grense. (4)

4.2 4.2.1
- Shamima Sheik – Islam
- Uitsluiting uit gemeenskaplike gebed.
- Anu Pillay – Hindoeïsme
- Uitsluiting uit die tempel. (8)

4.2.2 Hulle ervaar een of ander vorm van uitsluiting as gevolg van hulle geslag. (2)

4.2.3
- Ek stem saam met hulle omdat daar teen hulle gediskrimineer word.

**OF**

- Ek stem nie saam nie omdat hulle verdien om so behandel te word.

* **LET WEL:** Enige relevante antwoord is aanvaarbaar. (2)

4.3
- Konflikteorieë beskou religie as iets wat ŉ negatiewe rol in die samelewing speel, en selfs tot konflik lei.
- Hulle sê dat sosiale stelsels soos religie help om ongelykhede te ondersteun, selfs deur mag.
- Feministiese teologie kan as ŉ voorbeeld van ŉ konflikteorie beskou word, omdat dit die manier waarop religie vroumense marginaliseer en uitsluit van religieuse mag en deelname aan strukture, ondersoek.
- Leerders kan voorbeelde noem van uitsluitende meganismes in verskillende religieë, bv. leierskap in religieuse strukture en openbare rituele.
- Hulle moet religieë noem waar dit gebeur. (10)

4.4
- ŉ Teorie is ŉ middel wat poog om ŉ verskynsel of gebeurtenis te verduidelik.
- Dit moet getoets of bewys word voordat dit as ŉ ware of genoegsame verduideliking aanvaar word.
- Leerders moet ŉ voorbeeld gee van ŉ teorie wat hulle probeer toets het.
- Ken punte toe vir ŉ begrip van die proses vanaf hipotese tot eksperimentering tot verifikasie wat in hul eie woorde uitgedruk word. (6)

4.5
- Funksionalistiese teorieë poog om die doel van religie in die samelewing as ŉ manier om mense te help, te verduidelik.
- Om probleme in die lewe te hanteer en betekenis in die aansig van betekenisloosheid, boosheid en lyding te gee.
- Yinger wat ŉ funksionalistiese teoretikus is, stel voor dat religie meer daaroor gaan om in iets te glo, en nie soseer oor die objek van geloof nie.
- Dus, volgens hom, hoef daar nie ŉ God of bonatuurlike wese te wees nie.
- As mense in iets buite hulself glo en dit help hulle om antwoorde te vind op die uiteindelike vrae, dan is dit ŉ religie. (10)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**